# QPro Lamhokkiekorrels

V28440 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Lamhokkiekorrels is ‘n hoëgehalte- gebalanseerde voer vir laat dragtige en lakterende skape/bokke. Lamhokkiekorrels bevat ‘n gebalanseerde hoeveelheid deurvloeiproteïen en energie, sowel as minerale en spoorminerale. Hierdie gebalanseerde voer voorsien genoegsame voedingstowwe om te voldoen aan behoeftes vir fetusgroei en wolfollikelontwikkeling, sowel as bies- en melkproduksie. Die produk bevat ook byvoegsels om metaboliese steurnisse wat gepaard gaan met geboorte te verminder.

## Voeraanbeveling

Dit is belangrik dat die ooi se rumen aangepas word tot die verandering in dieet vanaf veld na gekonsentreerde voer soos Lamhokkiekorrels om enige metaboliese versteurings te voorkom. Aanpassing moet ten minste 4 weke voor lam begin. Dit word aanbeveel dat goeiegehalte-ruvoer ten alle tye vir ooie beskikbaar is.

| | |
|---|---|
| Dragtige ooie (eenling) | 2,0-2,5% van liggaamsmassa |
| Dragtige ooie (meerlinge) | 3,0% van liggaamsmassa |
| Lakterende ooie (eenling) | 3,0% van liggaamsmassa |
| Lakterende ooie (meerlinge) | 3,0-3,5% van liggaamsmassa |

**As byvoeding vir ooie op genoegsame veld:**

| | |
|---|---|
| Eenling | 500-800 g/dier/dag |
| Meerlinge | 800-1200 g/dier/dag |

Vir die **LIEFDE** vir jou

*Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587*

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 150 |
| NPN-% (maks) | % | 15% |
| Ureum (maks) | g/kg | 5 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min/maks) | g/kg | 25/70 |
| Ruvesel (min/maks) | g/kg | 100/150 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 6/15 |
| P (min) | g/kg | 3 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens die voedingsbehoefte van die dier.*




## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

## Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.

# DIERE

Q pro feeds